Kuier kuier

deur CHRISTINE FERREIRA

Lief vir mooi plekkies, lekker kos en interessante snuffelgoed? Op dié bladsy vertel ons jou van die nuutste lekkerleef-dinge.

1 Kyk uit vir Coricraft se nuwe reeks gestoffeerde stoele in besondere ontwerpe en luukse chenille-materiaal. Beskikbaar by 22 winkels landwyd of bestel by www.coricraft.co.za

2 *Die Shwe Shwe Dove Tea Room & Craft Shop word bedryf deur die CWD (Catholic Welfare & Development) by Somersetweg 37A, Groenpunt. Dis 'n kreatiewe fondsinsamelingsprojek wat handwerkkunstenaars die kans gee om hul ware te verkoop. Loer gerus in vir iets te ete en te drinke. Inligting ☎ 021 425 2095 of www.cwd.org.za*

3 'n Huisie vir 'n houtkapper (R35) van The Wheelbarrow naby Tzaneen. Inligting ☎ 082 777 4091.

4 *Vrede vir jou. Duif-koekie (R10) van Nelle Cakes in Welgemoed, Kaapstad. Inligting www.nellecakes.co.za of info@nellecakes.co.za*

5 Maak gerus 'n draai by befaamde sjef Reuben Riffel se Reuben's by die nuwe Robertson Small Hotel op Robertson – of bederf jouself met 'n nag of twee in een van dié luukse boetiekhotel se tien ruim en suite-kamers. Robertson lê op die gewilde Roete 62, sowat 90 minute vanaf Kaapstad. Inligting ☎ 023 626 7200 of www.therobertsonsmallhotel.co.za

6 *Handgeverfde koppie en piering (R370) van Freakalee by Objekt. Inligting ☎ 011 447 6005.*

Foto's Candice Ackhurst, verskaf

7 Dié mooi blaarbak van aluminium is van esSAy Gifts. Gaan kyk by www.essaygifts.co.za of skakel ☎ 021 461 3809 of ☎ 082 444 4876 (Johannesburg-kantoor).

8 *Spier Sauvignon Blanc is gemaak van organiese druiwe uit Koekenaap naby die Olifantsrivier. Geen chemikaliee, insek- of onkruiddoders of sintetiese bemesting is ingespan nie. Die etiket is van honderd persent herwinbare papier en kan afgeskeur word vir die herwinning van die bottel. Slegs beskikbaar by die Spier-landgoed. Inligting ☎ 021 881 8414 of linda-lhouser@spier.co.za*

9 Wit metaalvoëltjie (R180) van Rhinestone Cowboy by die Shepherds Market, Craighall. Inligting info@rhinestonecowboy.co.za

10 *Net buiskant Magoebaskloof lê die pragtige dorpie Haenertsburg, ryk aan geskiedenis en atmosfeer. Besoek gerus die fraai Rooms-Katolieke kerkie, die ou begraafplaas met sy mooi uitsig oor die kloof of een van die talle snuisterywinkeltjies of restaurante in die hoofstraat. Gelee op die R71 vanaf Polokwane.*

11 Die Spier Creative Block-projek op die Spier-landgoed buite Stellenbosch kombineer twee groot lekkertes: goeie wyn en plaaslike kuns. Veral opkomende kunstenaars kry die kans om unieke klein kunswerke (18 x 22 cm) uit te stal. Kry jou stukkie kuns-op-'n-blokkie teen R980. 'n Spesiale reeks van drie wyne is as pasmaats vir die kuns gebottel. By die wynsentrum. Inligting ☎ 021 809 1100

12 *Die Dalla Cia Grappa, die Dalla Cia-familie se eerste enkelkultivar-grappa, spog met 'n boeket van 'n tikkie heuning, droë vy en wilde aarbei. Daar's slegs agthonderd individueel genommerde bottels beskikbaar. Inligting ☎ 021 883 8312.*

13 Juicy Lucy spog met 'n vars nuwe voorkoms én spyskaart. Bamboestafelblaaie en nie-toksiese verf sorg onder meer vir 'n omgewingsvriendelike eetplek, terwyl die spyskaart heilsaamheid op sy beste bied. Die eerste twee nuwe eetplekke is by Galleria in Amanzimtoti en op Groblersdal, Mpumalanga. Ander takke sal deur die loop van die jaar vernuwe word.

13

12

11



10

8

9